

Hoofstuk van die dag: 1 Samuel 25

Dawid het vir Abigajil gesê: “Geloof sy die Here die God van Israel wat jou vandag gestuur het om my te ontmoet. (vers 32)

Daar is gelowiges wat sê die Here lei hulle met ’n hoorbare stem. Hy sê vir hulle om dít of dát te doen, of dat hierdie of

daardie ding gaan gebeur, en dan gebeur dit inderdaad. Dit is wat skynbaar met Dawid gebeur het toe hy van plan was om koning Saul dood te maak, soos ons gister gesien het.
Daar is ander gelowiges wat sê die Here lei hulle deur sy Woord, waardeur hulle bewus word dat hulle iets moet doen of moet los. Vir hulle is die Here se stem in sy Woord net so ’n werklikheid, al werk dit heeltemal anders as ’n influistering of selfs ’n harde stem.
’n Derde manier waarop die Here lei, is deur ander gelowiges oor ons pad te stuur. Dis hoe Hy vir Dawid gekeer het om Nabal dood te maak. Abigajil het hom tot sy sinne gebring deur haar tydige ingryping.
Jy hoef nie die een of die ander te kies nie. Jy kán trouens nie, want God werk op verskillende maniere, na gelang van omstandighede.
Geloof sy die Here dat Hy ons lei!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026